NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 27 SEPTEMBER 2020

SEWENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Bid vir herstel in Suid Afrika en die res van die wêreld op alle vlakke.

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

EKSODUS 20:1-4, 7-9, 12-20, PSALM 19
FILIPPENSE 3:4b-14, MATTEUS 21:33-46

SONDAG, 27 SEPTEMBER
DANKBAARHEIDSONDAG BIDDAG VIR BEDIENING AAN DIE JODE 09:00 Erediens. Prediker: ds Hannes Burger Geen Aanddiens
MAANDAG, 28 SEPTEMBER
19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 29 SEPTEMBER
09:30 Senior burger Bybelstudiegroep – byeenkoms in Kerk 17:00 Kooroefening
WOENSDAG, 30 SEPTEMBER
09:30 Vroue Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie
DONDERDAG, 1 OKTOBER
15:00 Openbaring Bybelstudie – byeenkoms in Konsistorie **Sopkombuis**: Hester Hill, Luci Mulder, Carina De Mon, Whileen Galvin, Christine Myburgh, Theresa Swart, Marina Rogotta
VRYDAG, 2 OKTOBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – almal welkom
SATERDAG, 3 OKTOBER

SONDAG, 4 OKTOBER

AGTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD
BIDDAG VIR BEJAARDES

09:00 Oggenddiens : Doop
Kontak Kerkkantoor om plek te bespreek.
Protokolle sal gevolg word.

Geen Aanddiens

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
2. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
3. Lidmate is steeds welkom om enige tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Boeke en tydskrifte word ook benodig.
4. Ds Chris Barnardo is die naweek af.
5. Ds Johan Morkel is met verlof.

HERVATTING VAN EREDIENSTE

In lyn met die regering se aankondiging dat die inperkingsmaatreëls na vlak 1 verlaag word, het De Eike se kerkraad besluit om vanaf Sondag 27 September die oggenddiens te hervat. Aanvanklik sal daar nie Kinder- en kleuterkerk wees nie, ook nie ‘n aanddiens nie. Die kategese sal dus ook nie plaasvind nie.

Die diens begin om 09:00 (nie 09:30 soos op die almanak nie).

BAIE BELANGRIK!!! Bywoningsgetalle word beperk tot 250. Almal wat die diens wil bywoon moet dus vooraf hul plek bespreek by die kerkkantoor gedurende kantoorure. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas. Volgens die WKOD se webtuiste sluit die skole vir hierdie kwartaal eers op 23 Oktober en heropen weer op 2 November.

GEMEENTENUUS

1. Baie geluk aan ons orrelis, René Ferreira, met haar SAKOV-beurs toekenning.
2. Rietta Odendaal en Annelie Traut se pa is oorlede.
3. Daar is ‘n hele paar lidmate wat in hierdie tyd met hulle gesondheid worstel. Dit gaan veral ook swaar met mense met psigiese ongesteldhede, soos die verskillende vorms van depressie. Hulle name verskyn nie altyd hier nie, maar bid asb vir hulle!

EHW SMIT-BEURS

Aansoeke om die bogenoemde beurs word tans ingewag van voornemende, behoeftige studente in teologiese studie wat die goedkeuring van die NG Kerk wegdra en wie se ouers in die landdrosdistrik van Kuilsrivier woonagtig is.
Aansoekvorms is by die kerkkantoor (Moedergemeente) beskikbaar (tel. 021 903 1529).
Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2020.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

27/09 Wynand Deysel, Danie Bruwer, Nora van der Merwe, Jorina Botha
28/09 Tielman Roos, Estelle Hugo, Ettienne Vosloo, Caylem du Plessis, Daniël Gresse, Gerda Nel
29/09 Marja van Dalen, Estelle le Roux, Johan Carstens
30/09 Riaan van Zyl, Petra Wickens, Ruald Coetzee, Michael Prins, Leah Geyer
01/10 Susan Enslin, Dihan Vorster, Johan Weber, Manie Engelbrecht
02/10 Marieke Swanepoel, Lizaan Maré, Johanné Orffner
03/10 Charl van Zyl, **Adri Burger**, Franja en Leah Hagen

HUIS DE KUILEN

Huis De Kuilen hou op Vrydag 2 Oktober ‘n Boerewors en Poeding Verkope teen slegs R40.00

Alle bestellings en betalings moet teen 28 September 2020 inbetaal word.
Afhaal van bestellings is tussen 13:00-16:00 by die tehuis in Skoolstraat.

Bank besonderhede vir EFT betalings.
Absa Bank
Lopende Rekening
Reknr: 4052279362
Verwysing: Naam & Van Boerewors verkope

KERKKOOR

Die kerkkoor van De Eike begin op **Dinsdag 29 September** oefen ná die grendeltyd. Ons gaan vir eers net ons nuwe musiek ontvang, luister na die note en saamneurie met die maskers aan. Die doel is om 'n sinvolle begin te maak. Die oefening sal hoogstens 30 minute duur.

LET WEL: Ons begin om **17:00 (5 nm)** oefen. Volgende oefeninge sal afgespreek word.

My vriende, as jy hier lees en jy het nog nooit by die kerkkoor aangesluit nie, terwyl jy wéét dat die Here jou geseën het met 'n goeie oor en 'n goeie sangstem, kom sluit aan by die kerkkoor. Jy het verseker tydens die grendeltyd beleef hoe onbelangrik die meeste van die goed is wat ons so besig hou en wat ek graag wil weet, is waarvoor wag jy, vir wanneer? Die tyd spoed verby, maak die meeste van elke geleentheid wat oor jou pad kom!

DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Dinsdagoggend 29 September 2020, kan jy weer tussen 10:00 en 11:00 jou bydrae tot De Eike se koskas in ’n sakkie op De Eike se parkeerterrein kom aflaai. Piet Rootman en Tim sal daar wees om die voorraad in ontvangs te neem. Lidmate is ook welkom om enige finansiële bydraes te bring, kwitansie sal uitgereik word. Gebruik die motorhek aan die torings se kant. Hierdie reëling bly van toepassing tot verdere kennisgewing.

Maak gebruik van hierdie geleentheid om broers en susters in nood te help. Ons sal die voorraad in die voorraadkamer gaan pak waarna kospakkies opgemaak en volgens behoefte afgelewer sal word.

As jy bewus word van ’n lidmaat in nood moet jy asb. onmiddellik jou wyksleraar of blokleier hieroor inlig. Ons kan nie toelaat dat enigiemand in hierdie tyd van inperking honger ly nie.

Bydraes kan deur die loop van die week ook by die kerkkantoor afgegee word.

Die volgende items word benodig:

- Konfyt of stroop
- Sout en peper
- Kookolie
- Wit en bruin asyn
- Margarien
- Toiletware
    - Shampoo
    - Deodorant
    - Wet wipes
    - Sneesdoekies
- Skoonmaakmiddels
    - Waspoeier
    - Wasgoedseep

Betanddele waar ons voorraad laag is:

- Melk
- Suiker
- Blikkies
    - Ertjies
    - Gemengde groente
    - Mielies
    - Bully Beef
    - Vis in Tamatiesous
- Blatjang
- Tamatiesous
- Skottelgoedseep en ander reinigers

BYBELS

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van ‘n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag ‘n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat

PREEKSKETS – 27 SEPTEMBER 2020

TEMA: Die verhaal van die manna: God sorg...

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Eksodus 16

Daar is ‘n hele paar nuwe woorde wat in Afrikaans inslag gevind het in Grendeltyd.
- Maar een besonder ongewilde term is “Nuwe Normaal”. Dit irriteer almal!
- En tog is dit op besondere manier van toepassing op die verhaal van Eksodus 16.

1. **Die volk sukkel om aan te pas by die “Nuwe Normaal”**.
- Hulle is nou vry; bevry uit die plek van slawerny, soos Eksodus 20 sê.
- Die oomblik toe hulle die Rietsee agterlaat het ‘n nuwe era aangebreek.
- Maar steeds steek die slawementaliteit kop uit – vgl. V. 2.
- Daar is ‘n rede hoekom die teks vanoggend oor jou pad kom.
- Ons maak almal nou ‘n nuwe begin, maar onthou jy dat jy nie ou wyn in nuwe sakke kan gooi nie? Dit was mos Jesus se beeld om vir ons te verduidelik dat vir sy dissipels alles nou *splinternuut* geword het...
- As dit nou maar net business as usual is, het die hele beproewing ons *niks* geleer nie... en dit sou tragies wees!

2. **“Let nou mooi op...”**
- Daarom begin hierdie gedeelte om die volk aan te moedig om te fokus.
- Daar is twee goed wat hulle moet leer, anders gaan hulle vir altyd slawe bly.
- Twee lesse sal hierdie “Nuwe Normaal” regtig nuut; radikaal anders maak.

2.1. <u>Hulle moet leer om regtig te *vertrou*</u>.
- Hulle het nie daardie aand met vol mae gaan slaap nie.
- Hulle het ook geen benul wat die wit goed buite was nie (v. 15).
- Hulle het geen waarborge behalwe die beloftes van God nie – en die woestyn lê voor hulle...
- Maar dit alles, het skielik moontlik geraak...

2.2. <u>Hulle moet leer om regtig te *gehoorsaam*</u>.
- Maar daar is nog ‘n geweldige groot les: dit gaan nie op húlle voorwaardes wees nie. Hulle gaan presies maak soos Hy sê, en dan kan hulle ontspan. Hy sál sorg!
- Dis naïef om te dink die Almagtige sal sorg, en jy kan maar net aangaan soos altyd. Hy bly *God*, en ons dien Hom op *sy* voorwaardes.
- En dan word die woestyntog ‘n avontuur.

3. **En ons?**
- Hoe gaan ons verseker dat die “Nuwe Normaal” regtig ‘n nuwe begin sal wees, waarin ons die sorg en die seën van die Here sal ervaar?
- Daar is twee voorwaardes: Vertroue en gehoorsaamheid. Is jy reg daarvoor?